

Leesspoedteks vir leerder

Graad 7

Die geskiedenis van ski / Waar het ski ontstaan?

Ski is 'n gewilde buitelig-tydsverdryf oral in die wêreld waar sneeu voorkom. Ski het egter nie altyd daarvoor gegaan om pret te hê of wedrenne te wen nie. Oorspronklik is ski's uitgedink as 'n manier om van een plek na 'n ander in sneeubedekte streke te kom. Die oudste ski wat nog ooit ontdek is, dateer uit ongeveer agtduisend jaar gelede en is in Rusland deur argeoloë opgegrawe.

Die ski is redelik kort. Die voorkant is gepunt, terwyl die kop van 'n bok op die agterkant uitgekerf is, wat dalk as 'n rem gebruik is. In China, is baie lang ski's vir transport gebruik. Mense op ski's kan op Chinese muurskilderye uit 5000 VHJ gesien word. Ski's is ook op antieke mure in Noorweë gevef, wat glo ouer as vyfduisend jaar is. Party van die skilderye wys mense wat ski, terwyl ander weer illustrasies is van mans wat op ski's jag.

Noorweë het baie moerasse, wat bestaan uit deurweekte, dooie plantlewe. Wanneer items in 'n moeras begrawe word, is hulle geneig om vir 'n lang tyd behoue te bly. 'n Totaal van twintig ski's wat uit antieke tye dateer, is uit moerasse oraloor Noorweë opgegrawe. Argeoloë het ook ski's in antieke grafte in verskillende streke van Skandinawië opgegrawe. Hierdie ontdekkings vertel meer oor die geskiedenis van ski. Daar blyk drie basiese soort ski's te wees, wat deur argeoloë as arkties, suidelik en sentraal-Nordies geïdentifiseer is. Kort, arktiese ski's se houtstruktuur is met 'n laag dierpels bedek. 'n Interessante kenmerk van suidelike en sentraal-Nordiese ski's is die feit dat die ski's in elke paar twee verskillende lengtes is. Daar word aangeneem dat dit skieërs gehelp het om hulle spoed te beheer en hulle ook in staat gestel het om vinnig te stop of moeilike terrein baas te raak.

Die enigste inheemse mense van Skandinawië is 'n groep wat bekend staan as die Sami, wat toevallig ook die vroegste mense is wat ski's gebruik het. Daar is bewyse dat hulle rendiere met pyl en boog en op ski's gejag het. Daar is latere dokumente wat toon hoe hulle koning offisiere op ski's uitgestuur het om belasting in die dorpie in die omgewing in te samel. Teen die Middeleeue, was dit algemeen om in Skandinawië van ski's gebruik te maak.

Die weermag het sneeubedekte berge en die veld deurkruis, deur bo-oor te ski. Vandag word daar 'n skimarathon in Noorweë gehou wat sy ontstaan uit 'n Middeleeuse skilegende gehad het: 'n Troep soldate het hulle babakoning, Haakon IV, oor heuwels gedra om hom na veiligheid in die volgende vallei te bring.

Ski's is deur Noorweegse immigrante na Amerika geneem. In die 1800's, het 'n Noorweër bekend as "Snowshoe Thompson" pos regdeur die Sierra Nevada-berge afgelewer deur van die een gebied na die volgende te ski. Dit was ook in die 1800's dat ski as 'n sport erken is. Daar was waarskynlik nieamptelike, spontane skikompetisies veel langer gelede, maar niemand het dit opgeteken nie.

Kontroleteks

Graad 7

Die geskiedenis van ski / Waar het ski ontstaan?

Ski is 'n gewilde buitelig-tydsverdryf oral in die wêreld waar sneeu voorkom. Ski het egter nie altyd daarvoor gegaan om pret te hê of wedrenne te wen nie. Oorspronklik is ski's uitgedink as 'n manier om van een plek na 'n ander in sneeubedekte streke te kom. Die oudste ski wat nog ooit ontdek is, dateer uit ongeveer agtduisend jaar gelede en is in Rusland deur argeoloë opgegrawe. - **68**

Die ski is redelik kort. Die voorkant is gepunt, terwyl die kop van 'n bok op die agterkant uitgekerf is, wat dalk as 'n rem gebruik is. In China, is baie lang ski's vir transport gebruik. Mense op ski's kan op Chinese muurskilderye uit 5000 VHJ gesien word. Ski's is ook op antieke mure in Noorweë gevef, wat glo ouer as vyfduisend jaar is. Party van die skilderye wys mense wat ski, terwyl ander weer illustrasies is van mans wat op ski's jag. - **153**

Noorweë het baie moerasse, wat bestaan uit deurweekte, dooie plantlewe. Wanneer items in 'n moeras begrawe word, is hulle geneig om vir 'n lang tyd behoue te bly. 'n Totaal van twintig ski's wat uit antieke tye dateer, is uit moerasse oraloor Noorweë opgegrawe. Argeoloë het ook ski's in antieke grafte in verskillende streke van Skandinawië opgegrawe. Hierdie ontdekkings vertel meer oor die geskiedenis van ski. - **221**

Daar blyk drie basiese soort ski's te wees, wat deur argeoloë as arkties, suidelik en sentraal-Nordies geïdentifiseer is. Kort, arktiese ski's se houtstruktuur is met 'n laag dierpels bedek. 'n Interessante kenmerk van suidelike en sentraal-Nordiese ski's is die feit dat die ski's in elke paar twee verskillende lengtes is. Daar word aangeneem dat dit skieërs gehelp het om hulle spoed te beheer en hulle ook in staat gestel het om vinnig te stop of moeilike terrein baas te raak. - **303**

Die enigste inheemse mense van Skandinawië is 'n groep wat bekend staan as die Sami, wat toevallig ook die vroegste mense is wat ski's gebruik het. Daar is bewyse dat hulle rendiere met pyl en boog en op ski's gejag het. Daar is latere dokumente wat toon hoe hulle koning offisiere op ski's uitgestuur het om belasting in die dorpie in die omgewing in te samel. Teen die Middeleeue, was dit algemeen om in Skandinawië van ski's gebruik te maak. - **385**

Die weermag het sneeubedekte berge en die veld deurkruis, deur bo-oor te ski. Vandag word daar 'n skimarathon in Noorweë gehou wat sy ontstaan uit 'n Middeleeuse skilegende gehad het: 'n Troep soldate het hulle babakoning, Haakon IV, oor heuwels gedra om hom na veiligheid in die volgende vallei te bring. - **438**

Ski's is deur Noorweegse immigrante na Amerika geneem. In die 1800's, het 'n Noorweër bekend as "Snowshoe Thompson" pos regdeur die Sierra Nevada-berge afgelewer deur van die een gebied na die volgende te ski. Dit was ook in die 1800's dat ski as 'n sport erken is. Daar was waarskynlik nieamptelike, spontane skikompetisies veel langer gelede, maar niemand het dit opgeteken nie. - **502**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.